# KINDERKERK LES: Jesus maak ons gesond

**Doel van les:**

- Ons gesels vandag met die kleintjies oor Jesus wat enige siekte kan genees en dat ons kan bid vir Jesus om ons of iemand anders gesond te maak.

**Ysbreker 1 – Follow the leader**: Gee vir elke kind 'n blinddoek. Help hulle om dit op te sit. Die leier sal nie 'n blinddoek opsit nie. Neem hulle op 'n "walk" deur vertrek. Hou hulle te alle tye dop en maak seker dat daar niks in die pad is wat hulle dalk sal laat val nie.

**Ysbreker 2 – Raai speletjie**: Laat kinders blinddoeke ophou. Gee vir elke groep 'n sakkie met items in. Laat kinders hulle hande in die sakkie insteek en probeer raai waaraan hulle vat.

**Vra:**

- Was die speletjies lekker? Hoekom/Hoekom nie?

**Sê:** Julle kon vir 'n klein rukkie nie sien nie, maar ek wil julle vandag van 'n man in die Bybel vertel wat blind was. (Jy kan hierdie verhaal vertel met behulp van prentjies of vrywilligers kry om aan te trek soos Jesus en Bartimeus en dan rollespel doen.)

Markus 10:46-52: Daarna kom hulle in Jerigo aan. Toe Jesus en Sy dissipels en 'n aansienlike menigte weer daarvandaan verder gaan, sit daar 'n blinde bedelaar, Bartimeus, seun van Timeus, langs die pad. Toe hy hoor dat dit Jesus van Nasaret is, het hy begin uitroep: "Jesus, Seun van Dawid, ontferm U tog oor my!" Jesus het gaan staan en gesê: "Roep hom nader."
Hulle roep toe die blinde man en sê vir hom: "Hou moed! Staan op! Hy roep jou."
Hy het sy bokleed net daar gelos en opgespring en na Jesus toe gegaan. Jesus vra vir hom: "Wat wil jy hê moet Ek vir jou doen?"
"Rabboeni," sê die blinde man vir Hom, "dat ek kan sien."
Jesus sê daarop vir hom: "Jy kan maar gaan. Jou geloof het jou gered."
Dadelik kon hy sien en het hy op die pad agter Jesus aan gegaan.

**Vra:**

- Dink julle dit was maklik vir Bartimeus, die blinde man, om blind te wees? Hoekom/Hoekom nie?
- Hoekom dink julle het Jesus hom gesond gemaak?
- Dink julle Jesus maak vandag nog mense gesond?

Ons kan weet dat Jesus vandag nog mense gesond maak. Jesus wil nie hê dat ons siek moet wees nie en Hy wil ons graag help. As jy siek is of iemand ken wat siek is, gaan julle nou kans kry om vir daardie persoon te bid in julle groepies.

**Gebedsgeleentheid:** Vra in die kleingroepies vir kinders of daar iemand is vir wie hulle graag vandag wil bid vir genesing. Gee dan kans vir gebed in die groepie vir siekes. Moedig die kinders aan om self te bid vir daardie siek persoon.

**Aktiwiteit:**
Gee vir elke kind 'n blaaie en items soos tydskrif waaruit hulle prentjies kan knip, sand, gekleurde papier, wol, inkleurkryte, gom ens waarmee hulle nou 'n "Word gou gesond" kaartjie kan maak vir iemand wat siek is.

Sluit af met gebed.